Vrouens en Verhoudings
Wat 'Minnie' moet weet
Gen. 3:1-21 & Ef. 5

Inleiding

Sonder vervulling in God...
...gaan mans van blommetjie na blommetjie om sy manlikheid te bevestig en gebruik hy vrouens om soos 'n man te voel... in plaas van om sy manwees uit God te ontdek.
...en vrouens sal tot uiterstes gaan om 'n man se aandag te kry en te hou en sy gebruik mans om soos 'n vrou te voel, in plaas van om haar vrouwees uit God te ontdek.

Ons het verlede week geleer waar dít vandaan kom: Toe Adam en Eva hulle fokus op God verloor het as die Een wie se liefde vir hulle 100% genoeg was, het hulle verhouding met hulleself gebreek [kaal en skaam], hulle verhoudinge met mekaar [beskuldig] en hulle verhouding met die skepping [uit die tuin].

En daarna is dit die storie van alle mense wat, sonder God, enigiets anders in die 'god-plek' van hulle lewens sal sit. En wat verhoudings betref... veral die teenoorgestelde geslag. Op hierdie manier maak 'n ou sy meisie verantwoordelik vir sy vervulling, sielsgeluk en vrede en 'n meisie doen dit weer met haar ou.

Vervulling in God

Ons het verlede week dan ook uit Hebreërs 10 gehoor dat die pad na God wat toegesluit was nadat Adam en Eva uit die paradys gesit is, nou deur Jesus weer oopgesluit is.

Dat Jesus alles gedoen het om jou leegheid vol te maak, jou onsekerheid oor jouself weg te vat deur jou so met God se goedkeuring te oorspoel dat jy

met vrymoedigheid nie meer soos Adam en Eva hoef weg te kruip vir God nie, maar na Hom toe kan hardloop, en Hom dan weer in die God-plek van jou lewe te hê. Die een wat jy kan vertrou en uit wie se liefde jy dan weer in 'n herstelde verhouding met jouself, jou medemens en God se skepping kan leef.

Maar dan die vraag... hoe lyk so 'n lewe en wat doen dit spesifiek aan my verhouding met my ou of meisie?!!

'n Lewe vanuit vervulling

In Efesiërs 5:21-33 sien ons prentjies van hierdie man en vrou, met Jesus as hulle Koning, vervul in God. Die prentjies is geteken op die patroon van Jesus se verhouding teenoor die kerk en dit is waar die patroon vandaan kom vir mans se verhouding teenoor vrouens.

Mans vervul in Jesus, het ons verlede week gesien, gee dan sy krag om sy vrou te ondersteun, haar te koester en haar te versorg. Hy misbruik nie sy krag en invloed om haar te dwing of te verdruk nie.

Vandag gaan ons gesels oor wat 'n vrou vervul met Jesus as Koning moet weet oor haar verhouding met 'n man. Daarna kyk ons na hoe hierdie rolle harmonieus bymekaar inpas en so ontdek ons hoe hierdie held met krag sy beeldskone prinses kan weg-swiep soos God dit beplan het.

Wat Minnie moet weet

Kom ons lees wat Ef. 5 vir vrouens sê:

[22]*Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.* [23]*Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.* [24]*Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.*

Minnie, ...die Here vra dat jy onderdanig sal wees aan jou held.

Hierdie is woorde wat vandag vir baie mense sooibrand kan gee, en verseker nie die polities-korrekte ding is om te sê nie. Maar voor iemand my met iets gooi... kom ons kyk dieper..!

Hierdie onderdanigheid bedoel nie 'vloerlap-wees' nie. Vers 22 sê eerder "...net soos julle teenoor die Here onderdanig is". ....en niemand van ons is die Here se vloerlappe nie! Nee,... jy behoort aan jou Here om Hom, wat jou bitter liefhet en kosbaar versorg, met jou lewe te help en te dien.

En 'n vrou staan in daardie selfde verhouding ook tot haar man. Om tot sy beskikking te wees en hom te help en by te staan in alles wat nodig mag wees vir Hom en die gesin om te floreer.

'n Vrou vervul en tevrede in God is en kan onderdanig wees aan haar man.

Die sprokie van harmonie

Dit is gewoonlik op hierdie punt waar mense vandag belangstelling verloor in God se 'normaal' oor verhoudings. Die man wat met sy krag moet liefhê en leiding gee? Die vrou wat haar moet onderwerp en help? ... dit klink so outyds... so verdrukkend... so verkeerd!

En ek gee toe... vir baie jare is dit verkeerd verstaan, verkeerd gebruik en verkeerd toegepas ...op so manier dat presies die teenoorgestelde gebeur het as wat God se plan was.

Omdat een sin in die hele gesprek uit die bus geval het! Kan een sin so belangrik wees? Ja, want dit is die inleidende sin waarop alles verder bou: Dis in vers 21:

"[21]*Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig."*

Vir mans en vrouens wat hulle vervulling weer in God het deur net goed te voel oor als wat Jesus Christus vir hulle reggekry het, begin alles by hulle onderdanigheid <u>aan mekaar</u> (v21).

<u>ALBEI</u> MOET ONDERDAAN WEES VAN DIE ANDER!

Hierdie ‘Onder-danigheid’ of onder-werping beteken presies wat dit sê: jy werp jou onder iemand, jy gaan staan onder iemand, om hom/haar te onder-steun in wat hy of sy moet doen. ’n Man ook teenoor ’n meisie!

Hierdie Bybelse ‘onder-werping’ in Christus gaan nie oor 'n hiërargie van wie belangriker is as wie nie. Dit gaan wel oor verskillende rolle, waarin jy die ander ondersteun met wat hy/sy nodig het en jy word weer ondersteun met wat jy nodig het... en so kom daar harmonie.

Hierdie verskillende rolle is baie noodsaaklik omdat ek ander DVD’s uitneem as my vrou... 'n man is nou maar eenmaal nie 'n vrou is nie, en 'n vrou nie 'n man nie. Hierdie verskille moet bestuur word om daardie gelukkige sprokie wat ons wil hê, te verseker.

Die man vervul in Christus het dus ’n sekere werk, soos ons dit al bespreek het, maar dit gaan eintlik nie oor hom nie... dit gaan oor wat sy vrou nodig het. En die vrou se onderdanigheid en hulp aan haar man, het niks met haar uit te waai nie... dit gaan eintlik oor wat die man nodig het... hulp, ondersteuning en ’n vrou wat agter hom staan en hom aanmoedig.

Dit is wat bedoel word in vers 28:

[28]Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief,

Dit werk eintlik soos ’n boemerang. As die man homself aan ’n meisie onderwerp en vir haar dus die liefde en leiding gee wat sy nodig het, gaan sy in ’n posisie wees om weer vir hom die hulp en ondersteuning te gee wat hy nodig het... en as ’n vrou hulp en ondersteuning aan die man gee, gaan hy haar kan toegooi met die liefde en versorging wat sy as heldin na smag.

Dit is dan die harmonie: Sorg vir haar sodat sy vir jou kan sorg! Sorg vir hom sodat hy vir jou kan sorg.

Op hierdie manier is die ou en meisie mekaar se hulp, ***al twee*** in onderdanigheid aan Jesus. Koning Jesus in wie hulle so vervul/tevrede/gelukkig is dat hulle sy patroon kan volg om die ander te dien, eerder as om hulle vervulling/vrede/geluk in mekaar te soek.

En dit is op hierdie manier, met God weer in die god-plek van jou lewe en jou 'goedvoel' net in Jesus, dat die held liefde vir die heldin kan gee, nie om man te voel nie, maar omdat hy by Jesus geleer het wat om met sy manwees te doen en die heldin kan oorgee om deur die held weggeswiep te word, nie om 'vrou' te voel nie, maar omdat sy by Jesus geleer het wat om met haar vrouwees te doen.

Slot

Vir mense wat Jesus nog nie as betroubare Koning ken en vertrou nie, ...is dit ongelukkig als Grieks. Hulle sit vas in die net om met eie pogings goed oor hulself te voel... en dit verwoes hulle verhoudings en hulle harte.

Maar vir elkeen wat weer vervul is in God omdat hulle tevrede is met hulself in Jesus, is die sprokie wat ons hartsnare roer moontlik en is daar 'n "...happily forever after".

PS: Eintlik het ek nie oor verhoudings gepreek die laaste 2 weke nie... dit het weereens als gegaan oor ons fantastiese Koning Jesus wat elke aspek van ons lewens met sy betroubare Koningskap 'redeem' en ons die genade gee om nie meer deur ons verhoudings verwoes te word nie... maar om juis daarin sy onbreekbare band met ons, die kerk as sy bruid te weerspieël. Dit is hierdie geheimenis waarna Ef 5:32,33 verwys!

Amen

Griffel van Wyk
Brooklyn
24 Oktober 2010